kennis gestel word en verval die geldigheidsduur van hierdie dokument
op die datum van bekendmaking daarvan.)

Datumstempel.....
Handtekening van beampte wat
aansoek ontvang

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

TWEDE BYLAE

BESWAAR TEEN WEIERING VAN BURGERSKAPSERTIFI-
KAAT

DEEL A

Aan—
Die Direkteur van Gemeenskapsake
kwaZulu-regeringsdiens
Privaatsak 9007
Pietermaritzburg

Aangesien my aansoek om 'n sertifikaat van burgerskap van kwa-
Zulu geweier is, teken ek hierby beswaar teen sodanige weiering aan
en beweer dat ek wel 'n burger is van kwaZulu en dat ek geregtig is
op 'n sertifikaat van burgerskap.

Ek grond my aanspraak op sodanige burgerskap op die volgende
feite.....

Ter staving van my aanspraak sluit ek die volgende dokumente
in*/verstrek ek die volgende bykomende inligting*.....

Plek.....
Datum.....
Handtekening of merk van
applikant

DEEL B

BESLISSING VAN DIE UITVOERENDE RAAD

Nadat die beswaar van die applikant aangehoor is en nadat die
aangehegte dokumente bestudeer is, is die Uitvoerende Raad oortuig
dat applikant 'n burger van kwaZulu is*/nie 'n burger van kwaZulu is
nie*.

Opmerkings.....

Plek.....
Datum.....
Direkteur van Gemeenskapsake

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

No. R. 1043

16 June 1972

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION
AND DEVELOPMENT.—CORRECTION NOTICE

The following corrections should be made in the
Schedule to Proclamation R. 83 of 1972, published in
Government Gazette 3442 dated 30 March 1972—

(1) the figure "9" in regulation 11 (3) must be substi-
tuted for the figure "10" in the Afrikaans and English
text.

(2) the word "non-proclaimed" in regulation 11 (2) must
be substituted for the word "non-prescribed" in the English
text;

(3) the word "Aannemer" in regulation 11 (3) must be
substituted for the word "aan" in the Afrikaans text.

No. R. 1043

16 Junie 1972

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE
EN -ONTWIKKELING.—VERBETERINGSKENNIS-
GEWING

Onderstaande verbeterings moet in die Bylae van
Proklamasie R. 83 van 1972 wat in *Staatskoerant* 3442
van 30 Maart 1972 gepubliseer is, aangebring word—

(1) die syfer "10" in regulasie 6 (2) moet in die Afri-
kaanse en Engelse teks deur die syfer "9" vervang word;

(2) die woord "non-prescribed" in regulasie 11 (2) moet
in die Engelse teks deur die woord "non-proclaimed" ver-
vang word;

(3) die woord "aan-" in regulasie 11 (3) moet in die
Afrikaanse teks deur die woord "aannemer" vervang word.

DEPARTMENT OF COLOURED RELATIONS AND REHOBOTH AFFAIRS

No. R. 1055

16 June 1972

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963.— NEW REGULATION R4

Under section 34 of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), I, Schalk Willem van der Merwe, Deputy Minister of Coloured Affairs, acting on behalf of the Minister of Coloured Affairs, hereby amend the regulations promulgated under the said section 34 and published by Government Notice R. 1898, dated 21 November 1963, as amended by Government Notices R. 195 of 4 February 1964, R. 1371 of 4 September 1964, R. 75 of 15 January 1965, R. 166 of 5 February 1965, R. 951 of 25 June 1965, R. 1188 of 13 August 1965, R. 1397 of 17 September 1965, R. 186 of 11 February 1966, R. 614 of 22 April 1966, R. 767 of 13 May 1966, R. 916 of 17 June 1966, R. 59 of 13 January 1967, R. 595 of 28 April 1967, R. 1826 of 17 November 1967, R. 951 of 24 May 1968, R. 1920 of 18 October 1968, R. 18 of 3 January 1969, R. 160 of 7 February 1969, R. 317 of 7 March 1969, R. 842 of 23 May 1969, R. 1142 of 4 July 1969, R. 3205 of 9 August 1969, R. 2164 of 4 December 1970, R. 1038 of 18 June 1971, R. 1039 of 18 June 1971, R. 1106 of 25 June 1971, R. 1323 of 30 July 1971, R. 31 of 7 January 1972 and R. 51 of 14 January 1972, R. 600 of 14 April 1972, R. 706 of 28 April 1972 and R. 756 of 5 May 1972, by adding the following regulation to Chapter R. of the said regulations:

“R4.1 Except where he has been granted exemption therefrom by the Secretary—

(a) every Coloured person who was enrolled in the Province of the Cape of Good Hope, the Province of the Orange Free State or the Province of the Transvaal as a pupil in a primary school, a secondary school or a high school which is a State school or a State-aided school while he resided within five kilometres along the shortest road from such school, and who remains so resident, shall attend such school regularly until the end of the school year for which he is so enrolled;

(b) every Coloured person so enrolled who during the said school year becomes resident within five kilometres along the shortest road from any other such primary school, secondary school or high school, shall regularly attend such other primary school, secondary school or high school, as the case may be, until the end of that school year.

R4.2 If a parent or the guardian or the person having the custody or charge of any person who by virtue of the provisions of regulation R4.1 is required to attend a school regularly, fails, without reasonable cause and after a written warning by the Department, to cause such person to attend an appropriate school regularly, he shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R20 or to imprisonment for a period not exceeding one month.

R4.3 The Regional Board shall take such action as may lie in its power to ensure that every Coloured person for whom school attendance is compulsory in terms of regulation R4.1, attends a school regularly, and it may institute any inquiry that may be necessary for that purpose, and any person who fails or refuses to give information reasonably required for the said purpose when requested by the Regional Board or a person duly authorised by it to do so or who, when so requested, knowingly gives incorrect information or who uses foul or abusive language to any

DEPARTEMENT VAN KLEURLINGBETREKKINGE EN REHOBOTH-AANGELEENTHEDE

No. R. 1055

16 Junie 1972

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963.— NUWE REGULASIE R4

Kragtens artikel 34 van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), wysig ek, Schalk Willem van der Merwe, Adjunk-minister van Kleurlingsake, handelende namens die Minister van Kleurlingsake, hierby die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel 34 en afgekondig by Goewermentskenningsgewing R. 1898 van 21 November 1963, soos gewysig by Goewermentskenningsgewings R. 195 van 4 Februarie 1964, R. 1371 van 4 September 1964, R. 75 van 15 Januarie 1965, R. 166 van 5 Februarie 1965, R. 951 van 25 Junie 1965, R. 1188 van 13 Augustus 1965, R. 1397 van 17 September 1965, R. 186 van 11 Februarie 1966, R. 614 van 22 April 1966, R. 767 van 13 Mei 1966, R. 916 van 17 Junie 1966, R. 59 van 13 Januarie 1967, R. 595 van 28 April 1967, R. 1826 van 17 November 1967, R. 951 van 24 Mei 1968, R. 1920 van 18 Oktober 1968, R. 18 van 3 Januarie 1969, R. 160 van 7 Februarie 1969, R. 317 van 7 Maart 1969, R. 842 van 23 Mei 1969, R. 1142 van 4 Julie 1969, R. 3205 van 9 Augustus 1969, R. 2164 van 4 Desember 1970, R. 1038 van 18 Junie 1971, R. 1039 van 18 Junie 1971, R. 1106 van 25 Junie 1971, R. 1323 van 30 Julie 1971, R. 31 van 7 Januarie 1972 en R. 51 van 14 Januarie 1972, R. 600 van 14 April 1972, R. 706 van 28 April 1972 en R. 756 van 5 Mei 1972, deur die volgende regulasie by Hoofstuk R van genoemde regulasies te voeg:

“R4.1 Behalwe waar hy deur die Sekretaris daarvan vrystelling verleen is—

(a) moet elke Kleurling wat in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop, die provinsie Oranje-Vrystaat of die provinsie Transvaal by 'n laerskool, 'n middelbare skool of 'n hoërskool wat 'n staatskool of 'n staatondersteunde skool is, as leerling ingeskryf is toe hy binne vyf kilometer langs die kortste pad van sodanige skool woonagtig was, en wat aldus woonagtig bly, sodanige skool gereeld besoek tot aan die einde van die skooljaar waarvoor hy aldus ingeskryf is;

(b) moet elke Kleurling wat aldus ingeskryf is en wat gedurende genoemde skooljaar binne vyf kilometer langs die kortste pad van enige ander sodanige laerskool, middelbare skool of hoërskool woonagtig word, so 'n ander laerskool, middelbare skool of hoërskool, na gelang van die geval, gereeld besoek tot aan die einde van daardie skooljaar.

R4.2 Indien 'n ouer of die voog van iemand wat uit hoofde van die bepalings van regulasie R4.1 verplig is om skool gereeld te besoek, of die persoon in wie se bewaring of onder wie se toesig so iemand is, sonder redelike oorsaak en na 'n skriftelike waarskuwing deur die Departement versuim om so iemand gereeld 'n gepaste skool te laat besoek, begaan hy 'n misdryf en is hy by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

R4.3 Die Streekraad moet die stappe doen wat in sy vermoë is om te verseker dat elke Kleurling vir wie skoolbesoek ingevolge regulasie R4.1 verpligtend is, 'n skool gereeld besoek, en kan enige ondersoek instel wat vir dié doel nodig is, en iedereen wat versuim of weier om, wanneer die Streekraad of 'n deur hom behoorlik gemagtigde persoon daarom versoek, die inligting te verstrek wat vir die vermelde doel redelik vereis word, of wat, wanneer hy aldus versoek word, wetens onjuiste inligting verstrek, of wat vuil of beledigende taal teenoor sodanige persoon

such person while in the execution of his duty, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R20 or to imprisonment for a period not exceeding one month.

R4.4 Any person employing a Coloured person for whom school attendance is compulsory in terms of regulation R4.1, thus preventing his regular attendance at an appropriate school, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R20 or to imprisonment for a period not exceeding one month.

S. W. VAN DER MERWE, Deputy Minister of Coloured Affairs.

No. R. 1056 16 June 1972

**COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963.—
WITHDRAWAL OF GOVERNMENT NOTICE
R. 2136, DATED 29 DECEMBER 1967**

Under section 23 (1) of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), I, Schalk Willem van der Merwe, Deputy Minister of Coloured Affairs, acting on behalf of the Minister of Coloured Affairs, hereby withdraw Government Notice R. 2136, dated 29 December 1967, issued in terms of the said section 23 (1).

S. W. VAN DER MERWE, Deputy Minister of Coloured Affairs.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 1007 16 June 1972

**THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL**

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING CONDUCT OF WHICH THE COUNCIL MAY TAKE COGNISANCE

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), approved the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) (1) of the Act and published under Government Notice R. 1693 of 30 October 1964, as amended by Government Notices R. 141 of 29 January 1965, R. 984 of 2 July 1965 and R. 496 of 28 March 1969:

The substitution for rule 1 of the following rule:

"1. ADVERTISING

Introduction.—Sound relationships between practitioners as colleagues are essential for furthering the public esteem and trustworthiness of the professions and thus of the practitioners themselves. Acts by which a practitioner makes himself known directly to the public or by which he prejudices the esteem of a colleague (or other registered person) are contrary to this premise and fundamental proposition. The quality of a practitioner's services is traditionally the justified means by which he can become professionally known. Competition in the medico-scientific field and the disclosure of personal findings and views should take place only in the professional press.

The Council endorses the desirability of informing the public of matters in the general interest, but disapproves of methods adopted by a practitioner aimed at advertising a particular person, institution, remedy or technique. It is laid down, furthermore, that a practitioner who allows his professional opinions to be divulged in the lay press

in die uitvoering van sy pligte besig, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

R4.4 Iedereen wat aan 'n Kleurling vir wie skoolbesoek ingevolge regulasie R4.1 verpligtend is, werk verskaf wat hom verhinder om 'n gepaste skool gereeld te laat besoek, is aan 'n misdryf skuldig en hy skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand."

S. W. VAN DER MERWE, Adjunk-minister van Kleurlingsake

No. R. 1056 16 Junie 1972

**WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963.—
INTREKKING VAN GOEWERMENSKENNIS-
GEWING R. 2136 VAN 29 DESEMBER 1967**

Kragtens artikel 23 (1) van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), trek ek, Schalk Willem van der Merwe, Adjunk-minister van Kleurlingsake, handelende namens die Minister van Kleurlingsake, Goewermenskennisgewing R. 2136 van 29 Desember 1967, kragtens genoemde artikel 23 (1) uitgereik, hierby in.

S. W. VAN DER MERWE, Adjunk-minister van Kleurlingsake.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 1007 16 Junie 1972

**DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD**

**WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE
GEDRAG WAARVAN DIE RAAD KENNIS KAN
NEEM**

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneesher, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94 (2) (1) van die Wet en afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 1693 van 30 Oktober 1964 soos gewysig by Goewermenskennisgewings R. 141 van 29 Januarie 1965, R. 984 van 2 Julie 1965 en R. 496 van 28 Maart 1969:

Die vervanging van reël 1 deur die volgende reël:

"1. ADVERTEER

Inleiding.—Gesonde onderlinge verhoudings tussen praktisyns as kollegas is noodsaaklik vir die bevordering van die openbare aansien en betroubaarheid van die beroepe en dus van hul beoefenaars. Handeling waardeur die praktisyn homself direk by die publiek bekend maak of waardeur hy die aansien van 'n kollega (of ander geregistreerde persoon) benadeel, is strydig met dié uitgangspunt en grondstelling. Van oudsher is die gehalte van sy dienslewering die geregverdigde wyse waarop professionele bekendheid kan posvat. Mededinging of medies-wetenskaplike gebied en die bekendmaking van persoonlike bevindings en menings behoort slegs in die professionele pers te geskied.

Die Raad onderskryf die wenslikheid om die publiek in te lig oor onderwerpe wat die breë belang dien maar keur af metodes deur 'n praktisyn aangewend wat daarop gemik is om 'n bepaalde persoon, inrigting, middel of tegniek te adverteer. Verder word bepaal dat 'n praktisyn wat toelaa dat sy professionele menings in die lekepers of oor die radio bekendgemaak of aan 'n lekegehoor geopenbaar

or on the radio or to be disclosed to a lay assembly, will personally be held responsible that such divulging or disclosure does not constitute advertising.

1.1 Advertising himself with a view to his (direct or indirect, immediate or eventual) professional gain or permitting such advertisement. The following acts shall not be regarded as such advertisement:

1.1.1 Communications to bona fide patients intimating change of address, dissolution of partnership and the like, in which case the communications themselves must bear the name of the individual patient to whom they are directed and must be enclosed in an envelope;

1.1.2 notifications by a medical practitioner in general practice to other medical practitioners, or by a dentist in general practice to other dentists, of having commenced practice: Provided that the communications themselves shall bear the name of the individual medical practitioner or dentist to whom they are addressed and are enclosed in an envelope;

1.1.3 notifications by a medical practitioner or dentist, whose speciality has been registered, to other medical practitioners or dentists, of having commenced practice in his speciality, in which case the communications may contain his name, address, qualifications and speciality: Provided that the communications themselves shall bear the name of the individual medical practitioner or dentist to whom they are addressed and are enclosed in an envelope;

1.1.4 publishing in the official telephone directory, in the ordinary type of such publication, of the following particulars, namely his name and profession and that of his partner, if any, his speciality, his home and consulting room address, and one or more telephone numbers and special telephone numbers in case of no reply from the usual numbers;

1.1.5 affixing on envelopes of his name without his title or any qualification and a return address in case of non-delivery;

1.1.6 the publication of articles in professional journals and of scientific books for use by the professions and by students in medicine, dentistry, nursing and related professions, indicating his name and professional qualifications;

1.1.7 the publication of non-professional books and non-professional articles in the lay press under his name without indication of professional qualifications and without the professional title Dr;

1.1.8 the divulging in the lay press or on radio or television under his own name, or expressing by way of addresses or lectures to a lay audience of his views on subjects of a medical or dental nature—

1.1.8.1 by whole-time or part-time medical or dental officials not in private practice, acting in their official capacities and where such publication is bona fide part of their official duties; and

1.1.8.2 by officers of a medical or dental association, acting in their official capacities and on the instructions of such association;

1.1.8.3 by any practitioner on matters of a purely academic nature, public health, hospital administration, medico-political matters, and similar matters.

1.2 A medical practitioner or dentist in general practice may restrict his practice to a particular branch of medicine or dentistry, but is not permitted to circularise his colleagues or other persons to this effect, since this may create the impression that he is a specialist.

(Rule 1 shall be read with rules 2, 3 and 5.)”

word, persoonlik daarvoor verantwoordelik gehou sal word dat sodanige bekendmaking of openbaarmaking nie 'n advertensie uitmaak nie.

1.1 Homself met die oog op sy (direkte of indirekte, onmiddellike of uiteindelijke) professionele voordeel adverteer of sodanige advertensie toelaat. Die volgende handelinge word nie as sodanige advertensie beskou nie:

1.1.1 Mededelings aan bona fide-pasiënte waarin verandering van adres, ontbinding van vennootskap of iets dergeliks gemeld word; in dié geval moet die mededelings die naam dra van die individuele pasiënt aan wie dit gerig word en in 'n koevert versend word;

1.1.2 mededelings deur 'n geneesheer wat algemene praktyk uitoefen aan ander geneeshere, of deur 'n tandarts wat algemene praktyk uitoefen aan ander tandartse, dat hy 'n praktyk begin het: Met dien verstande dat die mededelings die naam moet dra van die individuele geneesheer of tandarts aan wie dit gerig word en in 'n koevert versend word;

1.1.3 mededelings deur 'n geneesheer of 'n tandarts wie se spesialiteit geregistreer is aan ander geneeshere of tandartse dat hy in sy spesialiteit begin praktiseer het; in dié geval kan die mededelings sy naam, adres, kwalifikasies en spesialiteit bevat: Met dien verstande dat die mededelings die naam moet dra van die individuele geneesheer of tandarts aan wie dit gerig word en in 'n koevert versend word;

1.1.4 die publikasie in die amptelike telefoongids, in die gewone druk van dié publikasie, van die volgende besonderhede, naamlik sy naam en professione en dié van sy vennoot, indien hy 'n vennoot het, sy spesialiteit, sy huis- en spreekkameradres en een of meer telefoonnommers asook spesiale telefoonnommers vir geval geen antwoord by die gewone nommers gekry kan word nie;

1.1.5 die aanbring op koeverte van sy naam, sonder sy titel of enige kwalifikasie, en 'n adres waarheen die inhoud teruggestuur moet word indien onafgelewer;

1.1.6 die publisering van artikels in professionele tydskrifte en van wetenskaplike boeke vir gebruik deur die beroepe en deur studente in geneeskunde, tandheelkunde, verpleging en verwante beroepe, met vermelding van sy naam en professionele kwalifikasies;

1.1.7 die publikasie van nie-professionele boeke en nie-professionele artikels in die lekepers onder sy eie naam sonder vermelding van professionele kwalifikasies en sonder die professionele titel dr.;

1.1.8 die bekendmaking in die lekepers of oor die radio of beeldradio met vermelding van sy eie naam, of die uitspraak by wyse van lesings of toesprake voor 'n lekegehoor, van sy menings oor onderwerpe van geneeskundige of tandheelkundige aard—

1.1.8.1 deur voltydse of deelydse geneeskundige of tandheelkundige amptenare wat nie in private praktyk is nie, handelende in hulle amptelike hoedanighede en waar sodanige publikasie bona fide deel van hulle amptelike pligte is;

1.1.8.2 deur beamptes van 'n geneeskundige of tandheelkundige vereniging wat in hulle amptelike hoedanigheid en ooreenkomstig opdragte van dié vereniging optree;

1.1.8.3 deur enige praktisyn oor aangeleenthede van suiwer akademiese aard, openbare gesondheid, hospitaaladministrasie, medies-politieke aangeleenthede en dergelike aangeleenthede.

1.2 'n Geneesheer of tandarts wat algemene praktyk uitoefen, kan sy praktyk beperk tot 'n bepaalde tak van die geneeskunde of tandheelkunde, maar hy mag nie sirkulêres met hierdie strekking aan sy kollegas of ander persone rig nie, aangesien dit die indruk kan skep dat hy 'n spesialis is.

(Reël 1 moet saam met reëls 2, 3 en 5 gelees word.)”

No. R. 1008

16 June 1972

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

RULES FOR THE REGISTRATION OF MEDICAL TECHNOLOGISTS

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), approved the following amendments of the Rules for the Registration of Medical Technologists made by the South African Medical and Dental Council under section 94 read with section 32 of the said Act and published under Government Notice R. 1705 of 30 October 1964, as amended:

1. The addition to the list of categories in the introductory paragraph and in paragraph (b) (ii) of rule 2 of the following further categories:

- Lung Function;
- Forensic Pathology;

2. the substitution for the figure "3" in the second line of rule 2 (b) (ii) of the figure "2½";

3. the addition after subrule 3 (d) of the following further subrule numbered (e):

"3. (e) any person who has been working as a medical technologist in a laboratory or institution approved by the Council in the category lung function as listed in rule 2 above, for a period of five years prior to 31 May 1972, may on the written recommendation of the Head of the laboratory or institution be exempted at the discretion of the Council from the examinations prescribed in rule 2 (b) and be registered as a medical technologist in the category of lung function."

No. R. 1009

16 June 1972

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF THE SPECIALITIES OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS, THE REQUIREMENTS TO BE SATISFIED BEFORE THEIR SPECIALITIES CAN BE REGISTERED, THE CONDITIONS WHICH SHALL EXEMPT ANY PERSON FROM SUCH REQUIREMENTS AND THE CONDITIONS GOVERNING THE PRACTICE OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS WHOSE SPECIALITIES HAVE BEEN REGISTERED

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, approved the following amendment of the above-mentioned rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) (r) of the said Act and published in Government Notice R. 135 of 7 February 1969, as amended:

The addition to rule 3 (b) of the following specialities and designations:

<i>Speciality</i>	<i>Designation</i>
Oral Pathology	Oral Pathologist
Periodontics	Periodontist
Prosthodontics	Prosthodontist

No. R. 1008

16 Junie 1972

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

REÛLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN GENEESKUNDIGE TEGNOLOÛ

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), sy goedkeuring daaraan geheg dat onderstaande wysigings kragtens artikel 94 gelees met artikel 32 van genoemde Wet deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad aangebring word in die reëls betreffende die registrasie van Geneeskundige Tegnoloë, soos by Goewermentskennisgewing R. 1705 van 30 Oktober 1964 afgekondig en later gewysig:

1. Die volgende verdere kategorieë word aan die lys van kategorieë in die inleidende paragraaf en in paragraaf (b) (ii) van reël 2 toegevoeg:

- Longfunksie;
- Geregtelike Patologie;

2. die syfer "3" in die tweede reël van reël 2 (b) (ii) word deur die syfer "2½" vervang;

3. die volgende verdere subreël genummer (e) word na subreël 3 (d) bygevoeg:

"3. (e) mag 'n persoon wat as geneeskundige tegnoloog in 'n laboratorium of inrigting deur die Raad goedgekeur, in die kategorie longfunksie in reël 2 hierbo gemeld, vir 'n tydperk van vyf jaar voor 31 Mei 1972 gewerk het, op die skriftelike aanbeveling van die hoof van daardie laboratorium of inrigting na goeddunke van die Raad vrygestel word van die eksamens in reël 2 (b) voorgeskryf, en as geneeskundige tegnoloog in die kategorie longfunksie geregistreer word."

No. R. 1009

16 Junie 1972

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

WYSIGING VAN DIE REÛLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN SPESIALITEITE VAN GENEESHERE EN TANDARTSE, DIE VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD ALVORENS HULLE SPESIALITEITE GEREJISTREER KAN WORD, DIE WOORWAARDES WAT ENIGE PERSOON VAN SODANIGE VEREISTES VRYSTEL EN DIE VOORWAARDES BETREFFENDE DIE PRAKTYK VAN GENEESHERE EN TANDARTSE WIE SE SPESIALITEITE GEREJISTREER IS

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van bogemelde reëls, opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94 (2) (r) van genoemde Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 135 van 7 Februarie 1969, soos gewysig:

Die byvoeging van die volgende spesialiteite en benamings by reël 3 (b):

<i>Spesialiteit</i>	<i>Benaming</i>
Mondpatologie	Mondpatoloog
Periodonsie	Periodontis
Prostodonsie	Prostodontis

No. R. 1037 16 June 1972
THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

AMENDMENT OF REGULATIONS FOR THE REGISTRATION ETC., OF MEDICAL AND DENTAL STUDENTS

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 25 of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), read with section 94 (1) of the said Act, and after consideration of a recommendation by the South African Medical and Dental Council, to amend further the regulations published under Government Notice R. 1683 of 30 October 1964, as amended by Government Notices R. 142 of 29 January 1965, R. 649 of 29 April 1966 and R. 3508 of 17 October 1969, as follows:

In Chapter 1

By the substitution for regulation 2 (c) of the following regulation 2 (c):

"(c) a certificate of having attended courses at an approved university in—

(i) Chemistry, Physics, Botany and Zoology and of having passed in qualifying examinations in at least three of these subjects; or

(ii) Chemistry, Physics and Biological Sciences and of having passed in qualifying examinations in at least two of these subjects: Provided that a student who already holds an approved university degree for the attainment of which he attended and completed by examination courses in—

(i) at least three of the subjects Chemistry, Physics, Botany and Zoology; or

(ii) at least two of the subjects Chemistry, Physics and Biological Sciences,

may be registered;"

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 1016 16 June 1972
NOTICE IN TERMS OF SECTION 8 (4) OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT 44 OF 1950)

Notice is hereby given in terms of section 8 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act 44 of 1950), that the name contained in the Schedule hereto has been removed from the list published in Government Notice R. 1907, dated 16 November 1962.

SCHEDULE

Cohen, Leslie.

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 1013 16 June 1972
SHOPS AND OFFICES ACT, 1964
AMENDMENT TO REGULATIONS

The State President has, in terms of section 31, read with section 2 (6), of the Shops and Offices Act, 1964 (Act 75 of 1964), with effect from the second Monday after the date of publication of this notice further amended the regulations published under Government Notice R. 1945 of 27 November 1964, as amended by Government Notice R. 565 of 28 April 1967, as shown in the Schedule hereto.

No. R. 1037 16 Junie 1972
DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE, ENS., VAN STUDENTE IN DIE GENEESKUNDE EN IN DIE TANDHEELKUNDE

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 25 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), gelees met artikel 94 (1) van genoemde Wet, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1683 van 30 Oktober 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 142 van 29 Januarie 1965, R. 649 van 29 April 1966 en R. 3508 van 17 Oktober 1969, as volg verder te wysig:

In Hoofstuk 1

Deur die vervanging van regulasie 2 (c) deur die volgende regulasie 2 (c):

"(c) 'n Sertifikaat wat aandui dat die student kursusse aan 'n goedgekeurde universiteit gevolg het in—

(i) Chemie, Fisika, Plantkunde en Dierkunde en in kwalifiserende eksamens in minstens drie van genoemde vakke geslaag het; of

(ii) Chemie, Fisika en Biologiese Wetenskappe en in kwalifiserende eksamens in minstens twee van genoemde vakke geslaag het: Met dien verstande dat 'n student wat reeds in besit is van 'n goedgekeurde universiteitsgraad vir die verwerwing waarvan hy kursusse gevolg het en die eksamen daarin geslaag het in—

(i) minstens drie van die vakke Chemie, Fisika, Plantkunde en Dierkunde; of

(ii) in minstens twee van die vakke Chemie, Fisika en Biologiese Wetenskappe,

geregistreer mag word;"

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 1016 16 Junie 1972
KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 8 (4) VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET 44 VAN 1950)

Kennis word hierby ingevolge artikel 8 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950), gegee dat die naam vervat in die Bylae hiervan geskrap is van die lys wat by Goewermentskennisgewing R. 1907 van 16 November 1962 afgekondig is.

BYLAE

Cohen, Leslie.

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 1013 16 Junie 1972
WET OP WINKELS EN KANTORE, 1964

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Staatspresident het, kragtens artikel 31, gelees met artikel 2 (6), van die Wet op Winkels en Kantore, 1964 (Wet 75 van 1964), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1945 van 27 November 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 565 van 28 April 1967, verder gewysig, soos in onderstaande Bylae aangedui.

SCHEDULE

The following regulation is substituted for regulation 2:

"2. *Employees excluded from the provisions of the Act in terms of section 2 (1) (n).*

The areas which shall, respectively, constitute the areas A, B and C referred to in section 2 (1) (n) of the Act shall be:

(a) *Area A*

In the Province of the Transvaal.—The Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging and Westonaria.

In the Cape Province.—The Magisterial Districts of Bellville, The Cape, Simonstad and Wynberg, that portion of the municipal area of Kraaifontein which falls within the Magisterial District of Paarl, and the municipal areas of Kimberley, Kuils River, East London, Port Elizabeth and Uitenhage.

In the Province of Natal.—The Magisterial Districts of Durban, Pinetown and Pietermaritzburg.

In the Province of the Orange Free State.—The municipal areas of Bloemfontein, Sasolburg and Welkom.

(b) *Area B*

In the Province of the Transvaal.—The municipal areas of Middelburg, Nelspruit, Pietersburg and Witbank.

In the Cape Province.—The Magisterial Districts of George, Knysna, Mossel Bay, Oudtshoorn, Paarl (excluding that portion of the municipal area of Kraaifontein which falls within the Magisterial District of Paarl), Somerset West, Stellenbosch (excluding the municipal area of Kuils River), Strand, Wellington and Worcester, and the municipal areas of Grahamstown, King William's Town and Queenstown.

In the Province of Natal.—The Magisterial Districts of Camperdown, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Inanda, Klip River, Lions River, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mtunzini, Newcastle, Port Shepstone and Umzinto.

In the Province of the Orange Free State.—The municipal areas of Bethlehem, Harrismith, Kroonstad, Odendaalsrus and Virginia.

(c) *Area C*

Any area not included in paragraphs (a) and (b) hereof."

Annexure S5 is amended by the substitution of the amounts "R3 600", "R3 360" and "R3 120" for the amounts "R1 920", "R1 800" and "R1 680", respectively, in paragraph (m) of the summary of section 2, under the heading "Application of the Act".

BYLAE

Regulasie 2 word deur die volgende regulasie vervang:

"2. *Werknemers wat kragtens artikel 2 (1) (n) van die bepaling van die Wet uitgesluit is.*

Die gebiede wat onderskeidelik gebiede A, B en C uitmaak soos in artikel 2 (1) (n) van die Wet bedoel, is soos volg:

(a) *Gebied A*

In die provinsie Transvaal.—Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging en Westonaria.

In die Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Simonstad en Wynberg, daardie gedeelte van die munisipale gebied van Kraaifontein wat binne die landdrosdistrik Paarl val en die munisipale gebiede van Kimberley, Kuilsrivier, Oos-Londen, Port Elizabeth en Uitenhage.

In die provinsie Natal.—Die landdrosdistrik Durban Pinetown en Pietermaritzburg.

In die provinsie die Oranje-Vrystaat.—Die munisipale gebiede van Bloemfontein, Sasolburg en Welkom.

(b) *Gebied B*

In die provinsie Transvaal.—Die munisipale gebiede van Middelburg, Nelspruit, Pietersburg en Witbank.

In die Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte George, Knysna, Mosselbaai, Oudtshoorn, Paarl (uitgesonderd daardie gedeelte van die munisipale gebied van Kraaifontein wat binne die landdrosdistrik Paarl val), Somerset-Wes, Stellenbosch (uitgesonderd die munisipale gebied van Kuilsrivier), Strand, Wellington en Worcester en die munisipale gebiede van Grahamstad, King William's Town en Queenstown.

In die provinsie Natal.—Die landdrosdistrikte Camperdown, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Inanda, Kliprivier, Laer-Tugela, Lionsrivier, Mtunzini, Newcastle, Onder Umfolozi, Port Shepstone en Umzinto.

In die provinsie die Oranje-Vrystaat.—Die munisipale gebiede van Bethlehem, Harrismith, Kroonstad, Odendaalsrus en Virginia.

(c) *Gebied C*

Enige gebied wat nie in paragrawe (a) en (b) hiervan ingesluit is nie."

Aanhangsel S5 word gewysig deur die bedrae "R1 920", "R1 800" en "R1 680" in paragraaf (m) van die opsomming van artikel 2, onder die opskrif "Toepassing van die Wet", deur onderskeidelik die bedrae "3 600", "R3 360" en "R3 120" te vervang.

No. R. 1014 16 June 1972
 FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

EXEMPTION OF MANAGERS, SUBMANAGERS, SENIOR MANAGERIAL, PROFESSIONAL, TECHNICAL AND ADMINISTRATIVE PERSONNEL AND FOREMEN

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 54 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, exempt, with effect from the second

No. R. 1014 16 Junie 1972
 WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

VRYSTELLING VAN BESTUURDERS, ONDERBESTUURDERS, SENIOR BESTUURS-, PROFESSIONELE, TEGNIESE EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL EN VOORMANNE

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, stel hierby, kragtens artikel 54 (1) van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en met ingang van die

Monday after the date of publication of this notice, all employers in the undermentioned areas, who are occupiers of factories, from the provisions of section 9, 19 and 20 of the said Act, in respect of the following classes of their employees, viz. managers, submanagers, senior managerial, professional, technical and administrative personnel and foremen, if the employees of the said classes are in receipt of regular remuneration of not less than R3 600 in Area A, R3 360 in Area B, and R3 120 in Area C per annum: Provided that any subsistence and transport allowances received shall not be regarded as remuneration; and provided further that the above-mentioned classes of employees engaged in an activity declared in terms of the proviso to section 19 (1) (a) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary, shall not be exempted in terms of this notice unless they are in receipt of regular remuneration of not less than R3 960 in Area A, R3 696 in Area B, and R3 432 in Area C per annum.

For the purpose of this notice—

(a) "Area A" means—

Transvaal.—The Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging and Westonaria;

Cape Province.—The Magisterial Districts of Bellville, The Cape, Simonstown and Wynberg, that portion of the municipal area of Kraaifontein which falls within the Magisterial District of Paarl, and the municipal areas of Kimberley, Kuils River, East London, Port Elizabeth and Uitenhage;

Natal.—The Magisterial Districts of Durban, Pinetown and Pietermaritzburg, and the whole of the Province of Natal in respect of the sugar manufacturing and refining, the hardboard manufacturing and the pulp and paper manufacturing industries only;

Orange Free State.—The municipal areas of Bloemfontein, Sasolburg and Welkom;

(b) "Area B" means—

Transvaal.—The municipal areas of Middelburg, Nelspruit, Pietersburg and Witbank;

Cape Province.—The Magisterial Districts of George, Knysna, Mossel Bay, Oudtshoorn, Paarl (excluding that portion of the municipal area of Kraaifontein which falls within the Magisterial District of Paarl), Somerset West, Stellenbosch (excluding the municipal area of Kuils River, Strand, Wellington and Worcester, and the municipal areas of Grahamstown, King William's Town and Queenstown);

Natal.—The Magisterial Districts of Camperdown, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Inanda, Klip River, Lions River, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mtunzini, Newcastle, Port Shepstone and Umzinto, but not in respect of the sugar manufacturing and refining, the hardboard manufacturing and the pulp and paper manufacturing industries referred to in "Area A";

B—1041

tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, alle werkgewers wat houers van fabriekke in ondergenoemde gebiede is, vry van die bepalings van artikels 9, 19 en 20 van genoemde Wet ten opsigte van die volgende klasse werknemers in hul diens, nl. bestuurders, onderbestuurders, senior bestuurs-, professionele, tegniese en administratiewe personeel en voormanne, indien genoemde werknemers gereeld 'n besoldiging van minstens R3 600 per jaar in Gebied A, R3 360 in Gebied B, en R3 120 in Gebied C ontvang: Met dien verstande dat enige onderhouds- en vervoertoelaes ontvang nie as besoldiging beskou word nie; en voorts met dien verstande dat bogenoemde klasse werknemers wat werk-saam is in 'n bedrywigheid wat kragtens die voorbehoud van artikel 19 (1) (a) van die Wet op Fabriekke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, tot 'n bedrywigheid verklaar is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag noodsaaklik is, nie ingevolge hierdie kennisgewing vry-gestel word nie, tensy hulle gereeld 'n besoldiging van minstens R3 960 per jaar in Gebied A, R3 696 in Gebied B, en R3 432 in Gebied C ontvang.

Vir die doel van hierdie kennisgewing beteken—

(a) "Gebied A"—

Transvaal.—Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging en Westonaria;

Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Simonstad en Wynberg, daardie gedeelte van die munisipale gebied Kraaifontein wat binne die landdrosdistrik Paarl val, en die munisipale gebiede Kimberley, Kuilsrivier, Oos-Londen, Port Elizabeth en Uitenhage;

Natal.—Die landdrosdistrikte Durban, Pinetown en Pietermaritzburg en die hele provinsie Natal slegs ten opsigte van die nywerhede vir die vervaardiging en raffineer van suiker, die vervaardiging van hardbord en die vervaardiging van pulp en papier;

Oranje-Vrystaat.—Die munisipale gebiede Bloemfontein, Sasolburg en Welkom;

(b) "Gebied B"—

Transvaal.—Die munisipale gebiede Middelburg, Nelspruit, Pietersburg en Witbank;

Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte George, Knysna, Mosselbaai, Oudtshoorn, Paarl (uitgesonderd daardie gedeelte van die munisipale gebied Kraaifontein wat binne die landdrosdistrik Paarl val), Somerset-Wes, Stellenbosch (uitgesonderd die munisipale gebied Kuilsrivier), Strand, Wellington en Worcester, en die munisipale gebiede Grahamstad, King William's Town en Queenstown;

Natal.—Die landdrosdistrikte Camperdown, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Inanda, Kliprivier, Laer-Tugela, Lionsrivier, Mtunzini, Newcastle, Onder Umfolozi, Port Shepstone en Umzinto, maar nie ten opsigte van die nywerhede vir die vervaardiging en raffineer van suiker, die vervaardiging van hardbord en die vervaardiging van pulp en papier in "Gebied A" vermeld nie;

2—3565

Orange Free State.—The municipal areas of Bethlehem, Harrismith, Kroonstad, Odendaalsrus and Virginia;

(c) "Area C" means any area not included in paragraphs (a) and (b) hereof;

(d) "manager" means an employee charged by the employer with the overall supervision over, responsibility for, and direction of the activities carried on in the premises of a factory, and of the employees engaged therein;

(e) "submanager" means an employee charged by the employer with the supervision over, responsibility for and the direction of the activities of a department division or section of the activities of a factory carried on in such department, division or section and of the employees engaged therein;

(f) "senior managerial and administrative personnel" means employees who are charged by the employer with the performance of work entailing responsibility for taking decisions of an administrative character in the conduct of the activities of the factory;

(g) "technical and professional personnel" means employees who are charged by the employer with the performance of work of a technical or professional character;

(h) "foreman" means an employee who is in charge of the employees in an establishment or section of an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties.

Government Notice R. 564, published in the *Government Gazette* of 28 April 1967, is withdrawn with effect from the second Monday after the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

Oranje-Vrystaat.—Die munisipale gebiede Bethlehem, Harrismith, Kroonstad, Odendaalsrus en Virginia;

(c) "Gebied C", enige gebied wat nie in paragrawe (a) en (b) hiervan ingesluit is nie;

(d) "bestuurder" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met die volle toesig oor, verantwoordelikheid vir en leiding in verband met die werksaamhede op die persele van 'n fabriek en die werknemers wat in verband daarmee in diens is;

(e) "onderbestuurder" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met die toesig oor, verantwoordelikheid vir en leiding in verband met die werksaamhede in 'n departement, afdeling of seksie van die werksaamhede van 'n fabriek wat in sodanige departement, afdeling of seksie uitgevoer word en van die werknemers wat in verband daarmee in diens is;

(f) "senior bestuurs- en administratiewe personeel" werknemers wat in opdrag van die werkgewer werk verrig wat verantwoordelikheid meebring vir die neem van besluite van 'n administratiewe aard by die uitvoering van die werksaamhede van 'n fabriek;

(g) "tegniese en professionele personeel" werknemers wat deur die werkgewer belas is met die verrigting van werk van 'n tegniese of professionele aard;

(h) "voorman" 'n werknemer wat aan die hoof staan van die werknemers in 'n bedryfsinrigting of afdeling van 'n bedryfsinrigting, wat beheer oor sodanige werknemers uitoefen en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte doeltreffend verrig.

Goewermentskennisgewing R. 564 wat in die *Staatskoerant* van 28 April 1967 gepubliseer is, word ingetrek met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1015 16 June 1972
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

TOBACCO INDUSTRY (TRANSVAAL)
AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Tobacco Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 September 1974, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 September 1974, upon all employers and employees other than those referred to in paragraphs (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of Alberton, Balfour, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Pretoria (including that portion of the

No. R. 1015 16 Junie 1972
WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

TABAKNYWERHEID (TRANSVAAL)
WYSIGING VAN HOOFOORENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

